Oordenking
3 Februarie 2010

Gered deur te Vertrou.

“Redding” is ‘n baie belangrike woord vir gelowiges. Dis die Woord wat sê dat ons weggeraak het uit die veilige gemeenskap met God en dat die Here Jesus Christus ons gevind het. As ons weggeraak het, moet ons gevind word. Die Here, in sy groot ontferming soek na ons, totdat Hy ons vind. Om deur Hom gevind te word, beteken dat Hy ons bewus maak daarvan dat ons sonder Hom verlore is, en ons wys op die alternatief, om ons lewens totaal en al aan Jesus oor te gee. Dit gebeur omdat Hy ons gered het.

Daar is nie baie paaie wat na redding lei nie. Daar is net een pad hemel toe. Dit is tragies dat so min mense op dié pad is! Paulus leer ons in hierdie woorde:
"Hierdie woord is die boodskap van die geloof, en dit is wat ons verkondig: As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word - Rom 10: 8-9.

In dié teks vind ons die beginsels van geloof: Vertrou met jou hart en bely hoorbaar dat Jesus Here en Redder is!

Daar is iets in ons hart wat eenvoudig ***wil*** werk daarvoor om onsself te red. Ons wil nie deur God gevind word nie, want ons dink dat ons God self kan vind! Ons dink dat as ons baie “goeie “ dinge doen, en baie kerklike dinge doen, kan ons in eie krag en op eie stoom na God toe terug gaan. Maar sal iemand wat verdrink vir die lewensredder sê dat hy liewer self na veiligheid wil swem? Of sal die persoon wat onder bourommel lê na ‘n aardbewing vir die redders sê hy wil liewer self sy pad na veiligheid grawe? En kan ons, as ons in die donkerte van ons menslikheid verdwaal geraak het, dink dat ons sonder die Lig, Jesus Christus, die pad terug na God toe sal kan vind?

Jesus Christus het vir my gesterf, en deur sy opstanding vir my oorwin. Daarom wil ek my totaal en al aan Hom oorgee. Dit sluit my hele lewe in en ek kan nie meer die voorwaardes stel op grond waarvan ek Hom sal aanbid en dien nie.

Ons word gered deur op die Redder te vertrou en dit te bely. Dit is wat geloof is! God se pad, genade en ontferming is vir jou genoeg. Gee aan Jesus oor. Maak soos die Lewensredder sê. Vertrou op Hom.

Is jy gewillig om Jesus as Heer te bely en so, deur totale oorgawe, te ervaar dat Hy red? Daar is net een pad hemel toe. Dié pad is nie die weg van menslike pogings of selfs godsdienstigheid nie. Dit is die pad waarop mens reageer op die Goddelike roepstem van die Een wat jou gevind het. Dit is die pad van ‘n verhouding met Jesus as Here en Redder!
Het jy al jou lewe volledig aan Christus oorgegee, omdat Hy jou so wil red?